

Ons strategie lei ons om te verken, uit te brei en te ontwikkel

Hier beskryf ons wat ons doelwitte en instaatstellers is en hoe ons beplan om daardie doelwitte te verwesenlik. Dit is hoe ons waarde skep vir ons belanghebbers.

Ons rigtinggewende lig op hierdie reis is ons 2015-2025-strategie, wat die algehele raamwerk daarstel waarbinne ons die spesifieke doelwitte in ons Jaarlikse Prestasieplan wil verwesenlik – die padkaart om ons te help om dit te bereik.

Verduideliking van ons strategie

In die volgende diagram toon ons hoe ons identiteit (doel, droom en handelsmerkbelofte) ons strategie dryf, wat weer ons langtermyn doelwitte en instaatstellers help bepaal. Elke jaar hersien ons ons jaarlikse doelstellings wat in ons Jaarlikse Prestasieplan ingesluit word. Hierdie doelstellings “anker” die breë rigting in konkrete optrede waardeur ons waarde skep.

Sien hoe ons verken, uitbrei en ontwikkel

NWU-navorsingsgroep dra by tot internasionale voëlstudie

Die NWU se navorsing oor die genetiese data van die nege dwergpapegaaiespesies (genus *Agapornis*) wat inheems aan Afrika en Madagaskar is, is ingesluit in 'n omvattende internasionale voëlstudie.

Hierdie prestasie strook met ons droom om 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees.

Die navorsing het ook gelei tot 'n patent en die moontlike kommersialisering van 'n genomiese toets wat deur die NWU ontwikkel is en wat vir natuurbewoerders en papegaaiteelers van groot waarde sal wees.

[\(Lees meer\)](#)




Dr. Henriëtte van der Zwan se navorsing oor dwergpapegaaigenetika is ingesluit in die B10K-voëlstudie.



ONS STRATEGIE: Transformeer en posisioneer die NWU as 'n unitêre instansie van hoogstaande akademiese uitnemendheid, met 'n verbintenis tot maatskaplike geregtigheid.

Jaarlikse Prestasieplan



Vyf doelwitte om ons strategie te verwesenlik



Waarheen ons op pad is

Ons wil uitnemende leer en onderrig bevorder en die NWU herposisioneer sodat dit die grootte en vorm kan bereik wat deur markrigtingbesluite vereis word.

Hoe ons dit regkry

Gehalte is ingebed in alle aspekte van onderrig en leer, en 'n uitstekende en belynde leerervaring is beskikbaar op al drie kampusse en via alle aflewingsmodusse.

Ons is altyd gereed om nuwe tendense te **verken** en om ons visie op die wêreld van werk **uit te brei**; daarom hersien ons ons akademiese programme gereeld om die relevansie daarvan te verseker en om die werkgeïntegreerde leer- en diensleerkomponente binne modules uit te brei. Ons herbedink ook die vorm en grootte van ons PKM. Deur hierdie pogings verbeter ons ook die gehalte en werkgereedheid van ons graduandi.

Ons akademië en professionele onderrig-leer-ondersteuningsseenhede bied toeganklike en gepaste studenteondersteuning in 'n verskeidenheid van formate.

Ons bevorder die vakkundigheid van onderrig en leer onder ons akademiese personeel en doen eties korrekte navorsing oor onder meer die kurrikulum, studente-leer en assessering.

Kortleerprogramme is nou ook in die aanlyn omgewing beskikbaar. Dit en die toename in die aantal kortleerprogramme verskaf professionele dienste aan die gemeenskap terwyl dit derdegeldstroominkomste vir die universiteit inbring.



Waarheen ons op pad is

Dit is ons doelwit om navorsing en innovasie te intensiveer.

Hoe ons dit regkry

Gedurende die jaar het ons die evaluering vir navorsingsbefondsingsaansoeke by die Nasionale Navorsingstigting (NNS), die Mediese Navorsingsraad (MNR) en soortgelyke instansies afgehandel. Navorsingsbefondsingsgeleenthede is op die NWU se aanlyn platforms gekommunikeer.

Ons het die Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoelinisiatief (SARChI) bestuur en vordering gemaak met die totstandbrenging van die gesamentlike Namibië-RSA-leerstoel, wat nóg 'n voorbeeld is van dinge wat ons doen om **uit te brei** en te **ontwikkel** om meer te word as wat ons voorheen was.

Navorsers en studente het inligting- en opleidingsessies oor befonding en etiek bygewoon, en ons het navorsingstoelaes afgehandel. Ons het die NWU se navorsingslandskap, navorsingsbefondsingsmeganismes en navorsingsprojekportefeulje **verken** en geëvalueer in die lig van die pandemie, en 'n holistiese strategie vir die internasionalisering van navorsing gevolg.



Waarheen ons op pad is

Ons wil hê dat ons gemeenskapsbetrokkenheid geïntegreer en belyn moet wees met ons onderrig en leer en navorsing, en wil volhoubaarheidsbeginsels bevorder.

Hoe ons dit regkry

Die integrasie van gemeenskapsbetrokkenheid in onderrig en leer en navorsing bied 'n geleentheid om 'n kultuur te ontwikkel waar ons kennis en kundigheid deel, en terselfdertyd leer ons van die gemeenskap.

Werkgeïntegreerde leer en diensleer deur dissiplinegebaseerde uitreik en navorsing word in die gemeenskap uitgevoer, en ons moedig personeel en studente aan om vrywillig in gemeenskappe te werk en sodoende hul sosiale responsiwiteit te verbeter.

Ons het 'n verantwoordelikheid teenoor die omgewing; daarom pak ons verskillende projekte aan, soos die instandhouding van groen kampusse en die bevordering van afvalbestuur, elektrisiteitsbesparing en herwinningsbewustheid.



Waarheen ons op pad is

Dit is belangrik om 'n duidelik gedifferensieerde studente-waardeproposisie te ontwikkel.

Hoe ons dit regkry

Ons implementeer deurlopend projekte om ons studentewaardeproposisie te verbeter. Slegs enkele van die beplande projekte en programme het egter in 2020 plaasgevind (soos die ontwikkeling van 'n Studentelewebeleid), terwyl ander as gevolg van die pandemie op ys gesit moes word.

Aangesien ons gretig is om te **ontwikkel** en nuwe geleenthede te **verken** om die studentelewe te verbeter, het ons ernstig gekyk na die gebruik van multimodale benaderings – met inbegrip van innoverende digitale platforms – in die voorsiening van die studentelewe-ervaring.



Waarheen ons op pad is

Ons wil uitstekende personeel ontwikkel en behou, en 'n gelyke personeel- en studenteprofiel skep.

Hoe ons dit regkry

Deur ons strewe na personeel- en studentegelykheid bevorder ons sosiale geregtigheid en diversiteit op alle kampusse.

Die Departement Inwoningsdienste het 'n aanlyn aansoekproses vir al drie kampusse ingestel, wat beter beheer oor plasing moontlik maak.

Daar word van alle koshuise verwag om ons inskrywingsteikens vir 2025 te weerspieël deur die planne en prosesse wat hiervoor in plek gestel is, te volg.

Die Raad het ons nuwe Indiensnemingsgelykheidsplan goedgekeur, wat aan al die vereistes van die Departement van Arbeid voldoen. Die nuwe plan fokus daarop om struikelblokke uit die weg te ruim sodat mense uit die aangewese groepe en mense met gestremdhede gewerf kan word. Dit gee ook aandag aan opvolgbeplanning vir sleutelposisies, retensiestrategieë en die skep van 'n instaatstellende organisasiekultuur.

Vier instaatstellers wat ons help om ons strategie te verwesenlik



Waarheen ons op pad is

Beheer, lei en bestuur op 'n volhoubare en getransformeerde wyse met 'n doeltreffende bedryfsmodel.

Hoe ons dit regkry

Ons het 'n geïntegreerde en holistiese benadering om die verwesenliking van die NWU-strategie vir 2015-2025 te verseker.

Ons bestuursmodel bevorder aanspreeklikheid oor die verskillende afdelings heen om organisatoriese uitkomst te bereik, en ons waardes beïnvloed ons beleidsraamwerk op alle vlakke van bedrywigheede.

In ooreenstemming met die tema van hierdie verslag, naamlik om te **verken**, **uit te brei** en te **ontwikkel**, het ons by die Covid-19-pandemie aangepas deur ons digitale besigheidstrategie te bespoedig. Ons glo dat die implementering van hierdie strategie dit vir ons moontlik sal maak om te **ontwikkel** wat betref die manier waarop ons in die toekoms sal bestuur en lei.



Waarheen ons op pad is

Ontwikkel inligtings- en kommunikasietegnologie wat die beste in sy klas is, om digitale transformasie te dryf.

Hoe ons dit regkry

Ons gebruik die digitale ervaring wat ons tydens die Covid-19-pandemie opgedoen het om ons bedrywighede toekomsgeraad te maak.

Ons sal ons digitale besigheidstrategie gebruik om nuwe mededingende voordele te skep en tegnologie/digitale transformasie 'n kernkomponent van die NWU-strategie te maak.

Ons gevorderde IT-vermoëns het die NWU gedurende die pandemie aan die gang gehou en dit wat ons geleer het, sal dien as riglyn vir ons voortgesette digitale transformasie.

Ons is bewus van die belangrikheid daarvan om stabiele, skaalbare, hibriede, bestuurbare en responsiewe infrastruktuur te verseker, en om die Volgendegenerasie Digitale Omgewing (VGDO) as deel van die langtermyn-integrasieplatform te vestig. (Die VGDO is 'n moderne integrasieplatform en een van die basiese boustene vir digitale transformasie.)

Ons sal daarop fokus om die soepelheid van die besigheid te maksimaliseer ten einde 'n veilige digitale omgewing te verseker en die tegnologie-ekosisteem tot stand te bring wat studente, vennote, werknemers en dinge integreer.



Waarheen ons op pad is

Verseker die finansiële volhoubaarheid van die NWU.

Hoe ons dit regkry

Die manier waarop ons die finansiële storm trotseer het wat deur die Covid-19-pandemie veroorsaak is, getuig ook van ons veerkragtigheid en proaktiewe gees om te **verken**, **uit te brei** en te **ontwikkel**.

Die finansiële impakmodel en verligtingsplan is ontwikkel in reaksie op die moontlike impak van Covid-19, saam met 'n drie jaar deurlopende begroting vir 2021 tot 2023. Die bedoeling is om volhoubaarheid in die medium en lang termyn te verseker, met die fokus op kontantvloeibestuur vir die korter termyn.

Die impak van afstandsonderrig op infrastruktuurprojekte is sorgvuldig bestudeer ten einde kapitaalinvestering en kontantvloeibestuur te optimaliseer.

Die Strategiese Projek vir Voortgesette Onderwys sal na verwagting ons voortgesette-onderwys-inkomste optimaliseer en **uitbrei**.

Ons maak ook goeie vordering met die fasiliteitoptimaliseringsprojek om die doeltreffende gebruik van ons geboue en fasiliteite te verhoog.



Hoe ons dit regkry

Waarheen ons op pad is

Kommunikeer en ontwikkel kernbesigheidsvermoëns om handelsmerk-ekwiteit, leierskapsdoeltreffendheid en solidariteit met die gemeenskap te verbeter.

Ons gaan voort met die ontwikkeling en implementering van toepaslike kommunikasie- en betrokke-makingstrategieë wat op spesifieke belangegroepe gerig is. Ons bou vennootskappe om hierdie strategieë te implementeer om optimale waarde te verkry.

Ons vennootskappe met belanghebbers soos personeel, alumni en studente speel 'n sleutelrol in die uitbou van ons handelsmerk, veral ten opsigte van digitale mediaplatforms.

Ons evalueer voortdurend ons prestasie en streef daarna om die mees betroubare prestasiemaatstawwe vir ons bemarkingskommunikasie-inisiatiewe te vind om die maksimum opbrengs op belegging te verseker.

Jaarlikse Prestasieplan

Hoe die Jaarlikse Prestasieplan inpas by ons strategie

Die Jaarlikse Prestasieplan (JPP) beskryf wat ons jaarliks moet doen om ons strategie te implementeer sodat ons uiteindelik waarde kan lewer aan al ons belanghebbers en nasionale prioriteite kan ondersteun.

Die vyf doelwitte en vier instaatstellers dryf die implementering van ons strategie, tesame met sleutelprestasiemaatstawwe om ons vordering te meet.

Hoe die JPP in 2020 hersien is

Ons het risiko's en geleenthede geïdentifiseer wat waarskynlik op kort, medium en lang termyn 'n impak op die NWU sou hê. Hierdie inligting is daarna gebruik om 'n bygewerkte situasieanalise op te stel om te dien as riglyn vir die verdere ontwikkeling van die NWU-strategie en die JPP.

'n Eksterne situasieanalise van die struktuur en mededingende aard van die hoërsonderwyslandskap rus die bestuur en die Raad toe met 'n breë oorsig van kwessies wat 'n impak sal hê op die implementering van die NWU-strategie en begrotingsprioriteite.

'n Assessering van die belangrikste risiko's en geleenthede het gehelp om ons prestasiedoelwitte vir 2020 te bepaal.

Hierdie assessering het rekening gehou met veranderlikes soos die grootte en groei van die mark, ons kliënte, die impak van tegnologie op onderrig en leer, ons inkomste, kapitaal en befondsing en ons verhoudinge met gemeenskappe. Hierdie faktore sal waarskynlik in die nabye toekoms én op die lang termyn 'n impak op die universiteit hê.

Vooruitsig

Daar is twee aannames rakende Covid-19 wat ons beplanning ten grondslag lê: eerstens dat Covid-19 nie in die nabye toekoms sal verdwyn nie, en dat ons sal bly funksioneer binne 'n regime van (gesondheidsverwante) omsigtigheid, en tweedens dat dit tyd sal neem vir entstowwe om ontwikkel te word en wêreldwyd toegedien te word.

Covid-19 het ook die implementering van ons digitale besigheidsstrategie versnel. Ons toekomstige digitale platform vir die universiteit sal studente, vennote, werknemers en dinge integreer om mense aan gekontekstualiseerde inligting en dienste te verbind.

Die instrumente hiervoor is moderne digitale afleweringsskanale en 'n veerkragtige integrasieplatform – benewens stabiele, hibriede, responsiewe, bestuurbare en veilige infrastruktuur en instaatstellende stelsels. Dit sal ons besigheids- en bedryfsmodelle ondersteun, analities-gedrewe insigte bied en uitsonderlike kliëntervaring moontlik maak om hierdie universiteit van ander te onderskei.

Die verwagting is dat die bereidwilligheid om aan te pas by veranderende omstandighede, nuwe moontlikhede te verken, ons denkwyses uit te brei, en te ontwikkel in hoe ons dinge doen, 'n belangrike bydraer kan wees tot die verwesenliking van strategieë in die toekoms.

